

## Boodskap Aan Die Wêreld

'n Eenvoudige En Reguit Boodskap Oor God Se Plan Van Redding, Maklik Verstaanbaar Vir Almal

In die hedendaagse wêreld is daar so baie verskillende godsdienste; elkeen met sy eie kerke, tempels, moskees, of ander plekke van aanbidding. As gevolg van hierdie godsdienstige verskeidenheid, wonder baie mense wat die ware godsdiens is waarin 'n mens moet glo en navolg. Mense voel oorweldig en heeltemal verlore in die menige opsies wat beskikbaar is. Dalk is jy so 'n persoon. Die oorsaak van al die verwarring in die eerste plek, is die feit dat elkeen van hierdie godsdienste 'n stel leringe het wat bots, en in kontradiksie is met wat geleer word deur sommige van die ander. Daar is baie redes daarvoor, maar die eindresultaat is dat baie mense net geen benul het waarheen om te gaan om die waarheid te vind nie.

Een ooreenstemming tussen Christenskap, Judaïsme en Islam, is die geloof in een God, wat die aarde en alles daarop geskape het; die Skepper van die groot heelal; - die Opperwese. Dit is hoekom daar na hulle verwys word as monoteïstiese godsdienste. Die geloof in een verhewe God plaas hierdie drie godsdienste apart van ander geloof sisteme, omdat meeste van die ander nie leer dat daar een Verhewe God is nie. Inteendeel, hulle aanbid 'n menigte verskillende gode, elkeen met sy eie spesifieke krag en outoriteit. 'n Goeie voorbeeld is Hindoeïsme, waaruit so baie meditasie vorme gespruit het. Ander godsdienste, bv. Wicca, aanbid die magte van die natuur. Ander aanbid afgestorwe familieleden, soos in Shintoeïsme.

In ander godsdienste word 'n gewone mens verhef tot die status van 'n god, deur tempels en beelde te bou tot die persoon se eer, en deur die persoon se geloofsfilosofie oral te verkondig. Dit is die geval met Boedisme. Daar is sommige gelowe wat verkondig dat ons almal gode is. Hulle plaas hul vertrouwe in self-help tegnieke, en glo dat al die antwoorde in die innerlike mens gevind kan word. Hulle leer dat ons die mag het om ons eie lewensloop te bepaal sonder enige ingryping van 'n Opperwese. Ander godsdienste, soos Santeria - uit Afrika afkomstig - buig voor Satan en bose magte van die duisternis neer. In ontwikkelde lande aanbid baie mense mag, geld en materialisme. Dan is daar natuurlik ook dié wat beweer dat hulle geen god of gees aanbid nie. Hulle ontken in geheel die bestaan van die geestelike wêreld. Vir hulle gaan alles oor die hier en nou. Volgens hulle is daar niks anders om na te volg nie.

Selfs tussen Christenskap, Judaïsme en Islam is daar verskille waarvan jy kennis moet neem. Net die feit dat 'n sekere godsdiens die geloof in een Opperwese verkondig, beteken nie noodwendig dat dit veilig is om dié godsdiens na te volg nie. Wat die Christelike geloof anders maak as alle godsdienste, is die feit dat dit die enigste een is wat eerlik genoeg is om te praat van ons behoefte aan 'n Redder, wat vir ons ewige lewe gee as 'n vrye geskenk, en uiteindelik toegang tot die hemelse wêreld waar alle lyding, pyn en hartseer verwyder sal wees. Ander godsdienstige

sisteme soos Islam, Boedisme en Hinduïsme verkondig verkeerdelik dat ons die vermoë het om die Ewige Lewe self te verwerf en deel kan hê aan die wonderlike nuwe wêreld, al glo ons nie in die Verlosser nie. Volgens hulle leringe word redding verkry deur goeie dinge te doen, of om perfeksie te bereik deur baie lewens te lewe, of deur allerhande reëls te onderhou. Met ander woorde, hulle wil ons laat glo dat ons die ewige lewe kan verwerf deur ons eie goedheid. Al deel Judaïsme ooreenkomste in geskiedenis met die Christelike geloof, verwerp dit die basiese leringe van Christenskap.

Wat presies is hierdie basiese leringe?

Soos ek hierbo gesê het, leer Christenskap dat ons nie onself kan red nie. Ons het hulp van buite af nodig. Ons het 'n Redder nodig. Hoekom? Volgens die Bybel is ons almal sondaars; ons is glad nie perfek nie; ons almal het al foute gemaak, ongeag van hoe jonk of oud ons mag wees. Ons heel grootste fout, of sonde, is dat ons nie vir God of mekaar liefhet soos ons behoort nie. Dit is hoekom daar so baie probleme in die wêreld is vandag. So baie mense tree glad nie op uit liefde vir God, of liefde vir mekaar nie, maar net uit liefde vir hulself. Hulle leef selfgesentreerde lewens, in plaas daarvan om Godgesentreerd te lewe. "Ek" kom eerste, en wat ookal goed vir "My" is, moet maar goed wees vir almal. Dit is hierdie siek gesindheid wat uitloop op oorloë, moord, verkragting, aborsie, diefstal, verdrukking van armes, en baie ander misdade.

So 'n gesindheid lei ook tot oneerlikheid teenoor ander, en teenoor onself, want ons is nie bereid om die waarheid oor ons kondisie in te sien nie. Al hierdie sondes word gemotiveer deur die hoogmoed, selfsug en boosheid wat in ons harte skuil. Sulke dinge beskadig nie net ander mense nie, dit maak ook vir God seer. Dit hou ons weg van Hom af en bedroef Hom, net soos ouers hartseer word as hul kinders ongehoorsaam is. Dit is juis omdat ons nie God se liefdeswette navolg soos ons behoort nie, en omdat ons rebelleer teen Sy wil vir ons lewens dat Hy ons moet straf, net soos verantwoordelike ouers hul kinders straf wanneer hulle verkeerd doen. Die Bybelse riglyne oor straf vir sonde, rebellie en ongeloof is baie duidelik, soos die Bybel illustreer:

"Want die loon van die sonde is die dood . . ."  
Romeine 6:23a, 1953 vert.

". . . hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom."  
Johannes 3:36 1953 vert.

"En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel."  
Matteus 10:28 1953 vert.

"En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp."  
Openbaring 20:15 1953 vert.

"Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en

gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienslaers en al die leuenlaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood." Openbaring 21:8 1953 vert.

Dit is 'n verskriklike prys om te betaal, maar ons kies dit deur ons volgehoute hardnekkigheid en ongeloof. Dit is nie God wat namens ons kies, soos sommige valse aanklaers graag wil hê jy moet glo nie. Ons kan die vrede in ons harte hê dat, ten spyte van hoe sleg of hoe rebels ons was, alles nie verlore is nie. Net soos liefdevolle ouers hul stoute kinders uiteindelik omhels, bly God nie vir altyd kwaad nie; Hy verwerp ons nie vir altyd nie, behalwe as ons dit werklik so wil hê. Hy weet ons is swak, menslik, vlees en bloed; en soos Koning Dawid geskryf het, het Hy medelye met ons:

"Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees. Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is." Psalms 103:13-14 1953 vert.

In Sy genade, is die Here gewillig om vir ons tyd te gee om ons foute te erken, vergifnis te vra en ons te bekeer. Dit is hoekom Jeremia, in tye van swaar verdrukking die volgende geskryf het:

"Dit is die goedertierenhede van die HERE dat ons nie omgekom het nie, want sy barmhartighede het geen einde nie; hulle is elke môre nuut; u trou is groot." Klaagliedere 3:22-23 1953 vert.

Soos jy kan sien, is God se liefde en genade elke môre nuut. Dit is hoekom Hy met doelgerigheid 'n weg gemaak het waardeur ons sondes vergewe kan word, sodat ons verhouding met Hom herstel kan word.

Die weg wat Hy gemaak het is om Sy Seun, Jesus Christus, toe te laat om ons straf op Homself te neem. Dit is soos wanneer een van ons broers of susters of vriende besluit om die blaam te vat vir iets wat ons verkeerd gedoen het, en dan gestraf word daarvoor, al het ons dit eintlik gedoen. Dit is ware liefde; om ander voor ons self te kies; en dit is presies wat Jesus vir ons gedoen het. Die Bybel leer dat Hy ons sondes op Hom geneem het:

"Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom." 2 Korintiërs 5:21 1953 vert.

Met ander woorde; al was Jesus sondeloos, het God die Vader toegelaat dat Sy Seun die sonde van die wêreld op Hom neem. Hy het toegelaat dat Jesus gestraf word vir ons, sodat ons verlossing kan verkry, vergifnis en versoening met die Vader, deur Sy offer. Dit is hoekom Johannes die Doper, toe hy vir Jesus herken het, die volgende gesê het:

". . . Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" Johannes 1:29b 1953 vert.

Hoekom moes Jesus noodwendig so 'n grusame dood sterf? Kon

dit nie verhoed word nie? Die antwoord is nee. Volgens die wet van die Ou Testament, kon versoening van sondes alleenlik plaasvind deur die offer van 'n bok of lam sonder gebrek. Dit is hoekom die rituele offers van diere reg deur die Ou Testament gevind word. Dit was 'n voorbeeld van die beter dinge wat sou volg in Christus. Soos Paulus en ander skrywers verduidelik, word Jesus die Lam van God van die Nuwe Testament. By Sy sterwe aan die kruis word Hy eintlik die skrywer van 'n Nuwe Testament tussen God en die mens. Hy word die finale offer. Daar hoef nooit weer 'n ander te wees nie:

"Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes."  
Matteus 26:28 1953 vert.

"En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang."  
Hebreërs 9:15 1953 vert.

"..en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel."  
Hebreërs 12:24 1953 vert,

Jesus het die aanklag van sy aanklaers aanvaar; Hy het die marteling vir ons gevat; Hy het die doodstraf, wat ons eintlik verdien het, op Hom gevat deur Sy liefdeskeuse. Ons was almal gevangenes van sonde, maar Jesus het die losprys vir ons vrylating betaal deur Sy lyding aan die kruis. In die Evangelies van Markus en Lukas, het Jesus gesê:

"Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie."  
Markus 10:45 1953 vert.

"Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseeld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig."  
Lukas 4:18-19 1953 vert.

Die Apostel Paulus het geskryf: "Julle is duur gekoop . . .", en hoe duur was die prys nie! Met ander woorde, vir Jesus het dit nie oor Homself gegaan nie. Hy was nie besorg oor sy eie welvaart nie; Hy was net besorg oor ons, oor ons toekoms in die Koninkryk van Sy Vader. Jesus het gekom om 'n sending te vervul, maar Hy moes bereid wees om Sy plek in die hemel tydelik te verlaat, en ook Sy lewe hier op aarde prys te gee om Sy sending te vervul. Dit is hoekom Paulus geskryf het:

"Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God

gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader."

Filippense 2:5-11 1953 vert.

Jesus se lewe was nie selfgesentreerd nie, maar eerder Godgesentreerd. Hy wou Sy Vader tevrede stel bo alles en het daarom met groot gewilligheid Sy lewe vir ons neergelê as versoening vir ons sondes. Jesus hoef dit nie gedoen het nie, maar Hy het. Hy was gehoorsaam aan Sy Vader se Wil omdat Hy geweet het dat dit nodig was vir ons verlossing. Te midde van Sy oomblikke van lyding in die Tuin, sê Hy:

"Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!"

Lukas 22:42 1953 vert.

Daardie selfde nag het Hy die pad gestap wat sou lei na die kruis, toe Hy verraai was in die hande van sondige mense. Sou enige van ons die nodige liefde kon hê wat vereis word vir so 'n keuse? Dit was inderdaad 'n liefdesaksie. Die Apostel Johannes skryf :

"Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê."

1 Johannes 3:16 1953 vert.

Baie sogenaamde wyse mense, heiliges, filosowe en leraars het gekom en gaan deur die eeue. Hulle het mense beïndruk met hul wyskede, en het mense geïnspireer met hul leringe en met dade van liefde, geduld en verdraagsaamheid, maar nie een van hulle kon ooit doen wat Jesus gedoen het nie. Nie een van hulle kon die uiterste prys betaal nie. Nie een van hulle kon die weg oopmaak na die ewige lewe nie. Net Jesus kon dit doen, en Hy het dit gewilliggedoen. Hy het self gewaarsku teen die valse profete wat voor Hom gekom het en ook teen dié wat ongetwyfeld na Hom sou kom:

"Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie."

Johannes 10:8 1953 vert.

"Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei."

Mattheus 24:24 1953 vert.

Jesus het van die begin af geweet dat daar geen ander opsie sou wees nie, net die kruisweg, en deurdat Hy die martelende weg van die kruis sou loop, word Hy die Weg na die Ewige Lewe. Dit is hoekom Hy in die evangelie van Johannes leer:

"Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na

die Vader behalwe deur My nie.”  
Johannes 14:6b 1953 vert.

“En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.”  
Johannes 10:28 1953 vert.

Later, het die apostels ook bevestig wat Jesus geleer het:

“En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.”  
Handelinge 4:12 1953 vert.

“Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word . . .”  
Handelinge 16:31 1953 vert.

Die Apostel Paulus skryf ook dat Jesus die Leidsman en Voleinder van ons geloof is. Jesus het dit alles begin, en sonder Hom sou dit nooit kon gebeur nie:

“. . . die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.”  
Hebreërs 12:2 1953 vert.

Die Bybel leer baie duidelik dat ons net nooit goed genoeg, of so volmaak kan wees om God se liefde en genade te verdien nie. Hoeveel te meer die Verlossing en die Hemelse Lewe wat Hy offer? Hierdie is dinge wat net Hy aan ons kan skenk in Sy wonderlike liefde vir ons. Johannes skryf:

“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”  
Johannes 3:16 1953 vert.

Die Apostel Jakobus maak dit ook duidelik dat elke goeie ding wat ons in ons lewens het, 'n geskenk is wat van God af kom:

“Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.”  
Jakobus 1:17 1953 vert.

Redding is dus 'n bewys van God se liefde. Al wat ons moet doen is om Sy liefde te aanvaar wat Hy bewys het deur Christus se Offer. As ons regtig eerlik wil wees met onself, weet ons hier binne in ons binneste dat die beste wat ons kan doen nooit genoeg kan wees nie. Ons het nie die vermoë om onself te red van ons eie tekortkominge of sondes nie, al probeer ons hoe hard. Ons is onvolmaak in die vlees en sal altyd wees, bloot omdat ons gebore is as mense met 'n sondige natuur. Ons weet al van jongs af hoe om kwaad te doen en het nodig om te leer hoe om goed te doen. Soos Paulus skryf:

“Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie

uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie." Efesiërs 2:8-9 1953 vert.

". . . nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered . . ."  
Titus 3:5 1953 vert

Voor sy bekering tot die Christelike geloof was Paulus, toe bekend as Saulus, 'n ywerige self-geregverdigde Joodse Fariseër wat sy bes gedoen het om die Wet te onderhou. Hy was heel waarskynlik baie seker dat sy sogenaamde goedheid en troue onderhouding van die Wet hom 'n goeie kandidaat gemaak het vir die Hemel, tot daardie dag op pad na Damaskus toe hy met die opgestane Jesus Christus 'n ontmoeting gehad het! Die Here het vir Paulus verneder en sy geestelike oë oopgemaak sodat hy uiteindelik kon sien wat die waarheid is oor sy misrabele, sondige toestand. Dit was na hierdie ontmoeting dat Paulus geskryf het:

"Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?"  
Romeine 7:24 1953 vert.

"Want ek is die geringste van die apostels, wat nie werd is om 'n apostel genoem te word nie, omdat ek die gemeente van God vervolg het."  
1 Korintiërs 15:9 1953 vert.

Wat 'n verandering in gesindheid! Dit, omdat God tyd gehad het om aan Paulus se trots te werk! Dit is hartseer, maar daar is so baie Paulusse in die wêreld vandag. Sulke mense het gewoonlik baie selfvertroue. Hulle het opgeblase egos en baie hoë opinies van hulself. Dikwels sien sulke mense ook neer op ander wat, volgens hulle, nie hul standaard kan bereik of hul verwagtings kan bevredig nie. Sulke mense is oortuig dat hul eintlik beter, heiliger en regverdiger is as ander. Dit is nie die ware geregtigheid wat van God af kom nie. Dit is eerder 'n 'selfgeregtigheid' waarvan die Bybel dikwels praat, soos Jesaja byvoorbeeld skryf:

"En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind."  
Jesaja 64:6 1953 vert.

Koning Salomo het wyse teregwysing vir mense met hoë opinies van hulself en mense wat vol is van 'n valse sin van geregtigheid. In Spreuke skryf hy as volg:

Trotsheid kom voor die verbreking, en hoogmoed kom voor die val.  
Spreuke 16:18 1953 vert.

Neem tog 'n oomblik om jou eie lewe in oënskou te neem. As jy eerlik kan wees met jouself, ongeag of jy jonk of oud is, weet jy in jou hart dat jy nie altyd 'n voorbeeldige lewe gely het nie. Dalk het jy leuens gebruik om jouself uit die moeilikheid te kry; dalk het jy ander baie seergemaak deur

wrede en gevoelose dinge vir hulle te sê; of dalk het jy gesteel wat nie joune is nie. Jy het ongetwyfeld dinge gedoen waaroor jy jou al geskaam het, dinge wat vir jou 'n groot verleentheid sal wees as dit op die lappe kom. In alle eerlikheid; jy het nie gelewe volgens God se volmaakte Wet van Liefde nie. Jesus stel dit as volg:

“. . . Die eerste van al die gebooië is: Hoor, Israel, die Here, onse God, is 'n enige Here; en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod. En die tweede, hieraan gelyk, is dit: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as dié nie.”

Markus 12:29b-31 1953 vert.

Dit is belangrik om te verstaan dat, al kan ons ons sondes vir vriende en familie wegsteek, ons dit nooit vir God kan wegsteek nie. Hy sien alles, weet alles, en ken al die verkeerde en bese gedagtes wat in ons harte rondmaal. Dit is hoekom Hy vir die profeet Jeremia geïnspireer het om te skryf:

“Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?”

Jeremia 17:9 1953 vert.

Inderdaad, in die heel eerste boek van die Bybel, kort voor die Groot Vloed, het God al opgemerk hoe boos die mens se natuur is; en Hy het spyt in Sy hart gehad dat Hy ooit die mens geskep het. Daarom het Hy besluit om die mens uit te delg, om sodoende die Aarde te reinig van al die mens se booshede. In die boek Genesis lees ons die volgende:

“Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart. En die HERE sê: Ek sal die mens wat Ek geskape het, van die aarde verdag, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou My dat Ek hulle gemaak het.”

Genesis 6:5-7 1953 vert.

Nie lank na die Groot Vloed het die Here weereens bevestig wat die bese toestand van die mens se hart is toe Hy sê:

“. . . Ek sal die aarde verder nie meer vervloek ter wille van die mens nie, want die versinsels van die mens se hart is sleg van sy jeug af. En Ek sal verder nie meer al die lewende wesens tref soos Ek gedoen het nie.”

Genesis 8:21 1953 vert.

Die profeet Jesaja was ook deeglik bewus van ons gevalle, sondige kondisie, en ons behoefte aan 'n Verlosser. Dit is hoekom hy in een van sy profesieë aangaande Jesus se lyding, geskryf het:

“Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.”



Jesaja 53:6 1953 vert.

Koning David het ook die gevalle toetsand van die rebelse mensdom ingesien. Hy skryf in die veertiende Psalm:

". . . Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie. Sleg, afskuwelik maak hulle hul dade; daar is niemand wat goed doen nie. Die HERE het uit die hemel neergesien op die mensekinders, om te sien of daar iemand verstandig is, wat na God vra. Hulle het almal afgewyk, tesame het hulle ontaard; daar is niemand wat goed doen, ook nie een nie."  
Psalms 14:1-3 1953 vert.

In die Nuwe Testament, was Jesus en Sy dissipels op 'n keer veroordeel deur die selfregverdigde Skrifgeleerdes en Fariseërs omdat hulle nie hul hande gewas het voordat hulle geëet het nie. Wat was Jesus se reaksie op hul aanklagte? Kyk gerus na die volgende volgende:

"Begryp julle nog nie dat alles wat in die mond ingaan, in die maag kom en in die heimlikheid uitgewerp word nie? Maar die dinge wat uit die mond uitgaan, kom uit die hart, en dit is dié wat die mens onrein maak. Want uit die hart kom daar slegte gedagtes, moord, egbreuk, hoerery, diewery, valse getuienis, lastertaal. Dit is hierdie dinge wat die mens onrein maak; maar om met ongewaste hande te eet, maak die mens nie onrein nie."  
Matteus 15:17-20 1953 vert.

'n Aantal jare na Paulus se bekering tot die Christelike geloof het hy aangehaal uit Dawid se veertiende Psalm toe hy die volgende in 'n brief aan die gemeente in Rome geskryf het:

"soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie."  
Romeine 3:10 1953 vert.

"want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,"  
Romeine 3:23 1953 vert.

Oor en oor, in die Ou en Nuwe Testamente, word ons herinner aan die feit dat ons sondaars is. Ons word vertel van die boosheid wat in ons harte skuil en dat ons gevalle skepsels is. Dit behoort vir ons duidelik te wees dat dit heeltemal nutteloos is om te probeer om ons sondes vir God weg te steek. Soos die ou gesegde lui: "Pasop dat jou sondes jou nie uitvind nie". Hoor wat sê Jesus aangaande die skeinheilige godsdienstige leiers van daardie tyd:

"En daar is niks bedek wat nie geopenbaar sal word nie, en verborge wat nie bekend sal word nie."  
Lukas 12:2 1953 vert.

"As Ek nie gekom en met hulle gespreek het nie, sou hulle geen sonde hê nie; maar nou het hulle geen verskoning vir hul sonde nie."  
Johannes 15:22 1953 vert.

In sy briewe maak Paulus dit duidelik dat almal van ons

eendag 'n afspraak met die Here het:

"Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad."

2 Korintiers 5:10 1953 vert.

"En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel,"

Hebreërs 9:27 1953 vert.

So, ons kan mekaar dalk mislei, maar ons kan vir God nooit mislei nie. Hy weet alles, en die dag van afrekening kom vir elkeen van ons, of ons dit wil glo of nie. Elkeen van ons sal ons sondes moet erken.

"Wat presies is sonde nou eintlik?" mag jy dalk vra. "Ek het nogal 'n ordentlike lewe gelewe", meen jy dalk. "Ek het niemand doodgemaak nie. Ek het nog nooit 'n bank beroof nie. Ek het niemand verkrag nie. Ek kan regtig nie insien dat ek 'n sondaar is of dat ek nodig het om te glo in hierdie Jesus van jou nie. Ek is 'n goeie mens."

Laat ons eers kyk na die laaste opmerking hierbo. Is jy regtig die goeie mens wat jy sê jy is? Eenmaal het 'n man vir Jesus geadresseer as "Goeie Meester", en vir Hom gevra watter goeie dinge 'n mens moet doen om die ewige lewe te verkry. Hoe sou Jesus reageer op hierdie man se eerbare opmerking? Jy sal dalk verras wees deur Jesus se reaksie. Hy het geantwoord:

". . . . . Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God. Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie."

Matteus 19:17 1953 vert.

Met hierdie stelling lig Hy die man in dat daar net Een is wat goed is, ons Vader in die Hemel, en gaan dan voort om vir hom iets te sê wat Hy geweet het die man nie sal kan doen nie. Hy sê: "onderhou die gebooie". Hierdeur beklemtoon Jesus eintlik die man se verkeerde aanname dat hy 'n goeie mens is en ook dat hy verkeerdelik dink dat hy die ewige lewe kon verdien deur sy goeie daade wat hy gedoen het. Dit klink na baie van vandag se mense, selfs sommige wat aan georganiseerde godsdienste behoort. Hulle het die verkeerde idee dat hulle vir God 'n bietjie moet help om hulle te red. Hulle sê eintlik indirek dat Christus se Offer aan die Kruis nie 'n voldoende versoening kan bewerk vir ons sondes nie. Dit is asof hulle voel dat ons menslike ywer moet byvoeg by die afgehandelde werk op Golgota. As Jesus sê dit is afgehandel, dan is dit inderdaad afgehandel. Niks kan bygevoeg word by Sy offer om redding te bewerk vir ons nie; dit is net geloof in dit wat Hy gedoen het.

Om terug te kom by die definisie van sonde, kan ons lees in die eerste brief van die Apostel Johannes, waar hy 'n baie kort en duidelike definisie van sonde gee. Hy sê:

"Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid."

1 Johannes 3:4 1953 vert.

Wat beteken "wetteloosheid"? In die Nuwe Testament, word die woord afgelei van 'n Griekse woord wat beteken om buite die wet te lewe, of om die wet te breek. Na watter wet verwys Johannes? Dit is vanselfsprekend dat Johannes, as 'n Israeliet, verwys na die hoogste wet van die mens se gedrag, naamlik die Wet van Moses soos uiteengesit in die Ou Testament. Die Joodse lewe sentreer rondom die Wet van Moses, soos bevestig in die Ou en Nuwe Testamente. Soos ons vroeër gesien het, het Jesus al die honderde wette van die Ou Testament opgesom toe Hy gesê het dat die grootste van die gebooie is om God lief te hê en ons naaste soos onself, en dit terwyl ons weet dat ons niemand liever het as onself nie. "Ek" is nommer een. Die oorlewing van self is die reël waarvolgens die huidige wêreld funksioneer. Die Apostel Paulus skryf:

"want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit . . ."  
Efesiërs 5:29a 1953 vert.

As ons werklik ons naaste soos ons self liefgehad het, sou die wêreld 'n wonderlike plek gewees het om in te lewe. Ongelukkig is dit baie ver van die ware toestand wat in ons tye heers. Jesus het inderdaad ook gesê dat die laaste dae gekenmerk sal wees deur 'n gebrek aan liefde in die wêreld as gevolg van sonde, en Paulus het gesê dat die mensdom in die laaste dae liefhebbers van hulself sal wees, eerder as om vir God lief te hê:

"En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel."  
Matteus 24:12 1953 vert.

"Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig,"  
2 Timoteus 3:2 1953 vert.

Liefde is die belangrikste van al die Bybelse wette, want dit omvat al die wette. Jakobus verwys daarna as die "Koninklike wet" in die volgende vers:

"As julle ewenwel die koninklike wet volbring volgens die Skrif: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself -- dan doen julle goed."  
Jakobus 2:8 1953 vert.

So, as ons werklik ons Hemelse Koning wil behaag, dan moet ons Sy Koninklike Wet van Liefde gehoorsaam. As ons ter enige tyd iets doen wat nie gemotiveer is deur ons liefde vir God, of vir ons naaste nie, maar uit selfsugtige liefde wat net persoonlike voordeel bring, dan breek ons eintlik God se Wet. Jakobus leer ons dat al hou ons al die Bybelse wette en breek net een van hulle, ons skuldig is aan die verbreking van die hele wet:

"Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword."  
Jakobus 2:10 1953 vert.

Dit illustreer die futiliteit van pogings om die wet te onderhou en ook om verlossing te bewerk deur ons eie goeie werke. Ons kan nooit goed genoeg wees in onself nie. Ons het die Wet oortree; en dit maak van ons sondaars; elke één van ons. Daar is geen ontvlugting van hierdie waarheid nie. Geen onderhandeling nie. Ons is almal skuldig. Tog, soos ons al genoem het, is alles nie verlore nie. Daar is 'n weg uit hierdie gemors waarin ons is. Daar is 'n weg waardeur ons vrygespreek kan word van al ons skuld. Daar is 'n weg waardeur ons die straf wat ons verdien kan vryspring. Daar is tog 'n silwer rand rondom die sondewolk wat ons oorskadu. Oordeel, sondeskuld, verdoemenis en straf hoef nie die einde van die storie vir ons te wees nie. Ons is nie sonder hoop nie. Daar is 'n weg na vryheid. Jesus self het Sy dissipels die volgende geleer:

"Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word."

Johannes 3:17 1953 vert.

Ons is alreeds veroordeel deur ons eie selfsugtige en sondige daade. Dit is duidelik dat ons 'n Verlosser nodig het, en Jesus is daardie Verlosser. Hy bied ons bevryding van die slawerny van sonde aan. Hy skenk die gawe van redding en die Ewige Lewe, deur Sy liefdesoffer aan die kruis. Paulus verduidelik:

"So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God,"

Efesiërs 2:19 1953 vert.

Hoekom praat Paulus so? Omdat dit presies is wat God nog altyd wou gehad het. Hy wou hê dat Sy verdwaalde kinders terugkeer na Hom toe, net soos in die verhaal van die verlore seun in Lukas hoofstuk vyftien. Inderdaad, reg in die begin van Johannes se Evangelie, word dit duidelik aan ons gestel dat 'n ons deel kan word van God se huisgesin, ons kan Sy aangenome kinders word deur eenvoudig die Offergawe van Sy Seun aan te neem:

"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;"

Johannes 1:12 1953 vert.

Deur eenvoudig te glo in wat Jesus vir ons gedoen het, met erkenning van ons sondes, kan ons vergifnis vind en versoening met God, in hierdie lewe, en in die lewe wat kom. God is meer as gewillig om al ons foute te vergewe. Hy is in staat om ons sondes uit die Boek uit te vee; Hy is in staat om elke vlek van sondesmet uit ons lewe te verwyder, as ons kies om te glo in die offergawe van Sy Seun en dit te aanvaar as die volmaakte versoening van ons sondes. Inderdaad, Hy pleit eintlik by ons om die regte keuse te maak. Soos die Profeet Jesaja 2,500 jaar gelede geskryf het:

"Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol."

Jesaja 1:18 1953 vert.

Daar is geen ander uitweg nie. God weet ons kan nooit volmaak of regverding genoeg wees en ons kan nooit genoeg goeie dade doen om Redding en die Ewige Lewe te verdien nie. Ons sal altyd tekort skiet. Ons kan nooit Sy standaard van volmaaktheid bereik nie. Ons is hopeloos in ons self; en moet dus nederig wees en bereid wees om te erken dat ons dit nie alleen kan doen nie; en dat ons Sy hulp nodig het. As ons van harte uitreik na Hom en ons sonde bely, sowel as ons nood, belowe Hy dat Hy ons sal hoor, en dat Hy ons sal red. Die Profeet Jesaja skryf:

"Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie;"  
Jesaja 59:1 1953 vert.

Soos ons kan sien uit die verse uit Jesaja, kan ons gereinig word van ons sondes. Ons kan skoon gewas word en witter as sneeu gemaak word deur die Bloed van die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem. As jy dit nog nooit gehoor het nie; hierdie is die sentrale boodskap van die Christelike geloof: Jy is 'n sondaar, maar God is lief vir jou. Hy wil jou vergewe, en Hy wil jou inbring in Sy familie, en vir jou Ewige Lewe gee; maar jy moet eers gewillig word om die voorwaardes wat Hy gestel het na te kom. Dit begin met die bewuswording dat jy 'n sondaar is, en die belydenis van jou sondes, wat dit ookal mag wees. As jy bereid is om dit te doen en om te erken dat jy 'n Verlosser nodig het en bely dat Jesus daardie Verlosser is, sal jy vergifnis verkry en die Ewige Lewe. God wag vir jou om die regte keuse te maak. Soos die Apostel Petrus soveel jare gelede geskryf het:

"Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom."  
2 Petrus 3:9 1953 vert.

Met ander woorde; God hou Sy beloftes. Dit is nie Sy wil dat enige een moet vergaan nie, daarom wag Hy met geduld dat ons ons van ons sondes sal bekeer, sodat Hy Sy hand van Verlossing na ons kan uitreik. In die Ou Testament, gedurende die tyd van Moses en die kinders van Israel, het hierdie merkwaardige man gesê:

"God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?"  
Numeri 23:19 1953 vert.

God die Vader en Sy Seun, Jesus Christus het hul deel van die ooreenkoms gehou. Hul woord staan van. Dit is betroubaar. Hulle sal die beloofde seëninge van vergifnis skenk, asook die Ewige Lewe vir elkeen wat glo. Jesus het Sy aardse lewe as losprys gegee vir ons sondes. Hy het vir jou gesterf; vir my; vir almal van ons. Dit is hoekom Hy in die Evangelie van Johannes die volgende stelling maak:

"En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My

toe trek."

Johannes 12:32 1953 vert.

'Almal' beteken letterlik alle mense; want almal van ons is sondaars voor God, en het 'n behoefte aan 'n Verlosser. Dit maak nie saak wat jou nationaliteit is nie. Dit maak nie saak watter persoonlike godsdienstige oortuigings jy het nie. Dit maak ook nie saak of jy dalk in niks glo nie. Die feit is: sonder Christus is jy hopeloos en heeltemal verlore. Om dit weer eens te beklemtoon; Jesus het Sy Sending vervul aan die kruis. Hy het Sy deel gedoen. Nou hang dit van jou af om jou deel te doen. Sal jy? As jy een van Sy kinders is sal jy dit weet, en jy sal in jou hart die stem van Sy Gees hoor deur hierdie boodskap. Jesus het gesê:

"My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My."

Johannes 10:27 1953 vert.

Die Apostel Paulus leer ook dat hulle wat geroep is, vooruitbestem is en deur God gekies is nog voordat die wêreld begin het, en dat Hy almal ken wat aan Hom behoort. Oorweeg die volgende verse:

"Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil . . . om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig -- in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil"

Efesiërs 1:3-5, 10-11 1953 vert.

"Ewenwel, die fondament van God staan vas met hierdie seël: Die Here ken die wat syne is; en: Laat elkeen wat die Naam van Christus noem, afstand doen van die ongeregtigheid."

2 Timoteus 2:19 1953 vert.

As jy voel dat God se Gees nou aan jou hart trek, en as jy nog nie vir Jesus as jou Here en Verlosser aangeneem het nie, wil ek jou uitnooi om dit nou te doen. Moet dit nie uitstel vir later in die toekoms nie, dalk sal jy nie weer 'n kans hê nie. Soos 'n sekere gesegde sê: "Ons is almal oud. Ons kan dalk more sterwe." Mag God verhoed dat dit met jou gebeur, maar as dit gebeur, kan jy met sekerheid sê dat jy Verlossing en die Ewige Lewe het? Paulus haal vir die Profeet Jesaja aan as hy skryf:

". . . In die tyd van die welbehae het Ek jou verhoor, en in die dag van heil het Ek jou gehelp. Kyk, nou is dit die tyd van die welbehae; kyk, nou is die dag van heil."

2 Korintiërs 6:2 1953 vert.

Die Apostel Jakobus skryf die volgende oor ons verbyflitsende lewens:

". . . julle wat nie eens weet wat môre sal gebeur nie. Want hoedanig is julle lewe? Dit is tog maar 'n damp wat vir 'n kort tydjie verskyn en daarna verdwyn."

Jakobus 4:14 1953 vert.

As jy die onsekerheid van jou toekoms in aanmerking neem, dink jy nie dit sal 'n wyse besluit wees om Jesus Christus vandag aan te neem nie? Wat van nou, op hierdie oomblik? Indien jy voel dat jy gereed is, maar nie seker is hoe om dit te doen nie, wil ek graag 'n kort gebed voorstel as riglyn vir jou. Onthou asseblief dat gebed nie 'n dooie ritueel is wat jy oor en oor doen soos sekere godsdienste leer nie. Gebed is om van hart tot hart te praat met jou Hemelse Vader. Deur die volgende gebed, of 'n soortgelyke een, verklaar jy die werklikheid van jou sondige kondisie, jou behoefte aan 'n Verlosser, en gee jy erkenning dat Jesus daardie Verlosser is.

Dit is belangrik om te verstaan dat Verlossing 'n saak van geloof en aanvaarding is. Die woorde van hierdie gebed is net 'n manier om daardie aanvaarding voor God te demonstreer. Dit is nie die woorde wat jou red nie. Wat redding bring is die geloof in jou hart wat glo in God se beloftes, soos ek dit vir jou verduidelik het in hierdie boodskap. Jou gebed kan soos volg wees:

"Hemelse Vader, ek weet ek is nie volmaak nie. Ek erken dat ek al foute gemaak het. Ek weet dat ek 'n sondaar is. Ek glo dat Jesus U Seun is, en dat Hy Sy lewe gegee het vir my sondes toe Hy aan die kruis gesterf het. Hemelse Vader, ek vra dat U my sondes sal vergewe deur die offer van U Seun. Ek vra dat U vir my die Ewige Lewe sal gee. Vul my lewe asseblief met U Heilige Gees, en help my om U Woord, die Bybel, te verstaan. Help my ook om my te onderwerp aan U wil vir my lewe en om 'n lewe te ly wat vir U behaag. Sover as wat U my instaat stel, help my ook om vir ander te vertel van U Seun, Jesus, sodat hulle ook die Ewige Lewe kan ontvang. Dankie Vader, dat U my gebed verhoor. Ek bid dit met eerbied in Jesus se naam. Amen."

As jy so pas hierdie, of 'n soortgelyke gebed met opregtigheid van hart gebid het, dan het die Gees van Jesus Christus in jou lewe gekom, en is al jou sondes vergewe. Jy is skoon gewas deur die Bloed van die Lam, en jy kry 'n nuwe begin; soos die Apostel Paulus skryf:

"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."

2 Korintiërs 5:17 1953 vert.

Jesus self het verwys na die geestelike geboorte, of wedergeboorte. Een aand, het 'n Fariseër met 'n opregte hart na Jesus gekom om meer uit te vind oor Sy leringe. Tydens die gesprek, sê die Here vir Nikodemus:

". . . Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. . . . Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.

Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees. Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie."

Johannes 3:3b, 5b-7 1953 vert.

Deur vir Jesus aan te neem, soos jy nou net gedoen het, is jou gees nuutgemaak, en ontvang jy die Ewige Lewe. Binnekort sal ons almal dit as 'n fisiese werklikheid ervaar in die hemel! Ons weet dit is so want die Bybel leer dit, en dit is al wat ons hoef te weet. Jy het dalk nie 'n geklank van donder gehoor, of een of ander oorweldigende emosie ervaar nie, maar alles wat jy gebid het word aan jou gegee op grond van geloof, bloot omdat God so sê in Sy Woord. Soos ons alreeds gesien het in hierdie artikel; God is nie 'n mens dat Hy sou lieg nie. Hy hou Sy Woord. Hy hou Sy beloftes, meer as enige mens wat jy ooit sal ken.

Jy het rede om groot blydschap te hê, want jy het so pas deel geword van die ewige Huisgesin van God! Jy het Syne geword omdat Jesus Christus jou wettig aangeneem het. Inderdaad, op hierdie oomblik juig die engele in die hemel oor jou! Ons weet dit is so, want Jesus het self so gesê. In die Evangelie van Lukas sê Hy:

"Ek sê vir julle dat daar net so blydschap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor nege en negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie." Lukas 15:7 1953 vert.

Mag die Here jou werklik seën in jou Nuwe Lewe met Hom! Om jou te help in jou nuwe geloofspad, wil ons voorstel dat jy dadelik jou Bybel begin lees. As 'n nuwe Gelowige in Christus, sal dit jou help om die vier evangelies te lees wat handel oor die Geboorte, Lewe, Boodschap, Dood, en Opstanding van Jesus Christus. Ons wil jou ook aanmoedig om die Skrif-gebasseerde artikels te lees wat op ons Web-blad; [endtimeprophecy.net](http://endtimeprophecy.net), verskyn, asook op ons 'Hotline server', Armageddon, by 202.131.160.15. Hierdie artikels sal baie van jou vrae aangaande die Bybel beantwoord. Weereens, mag die Here jou seën en jou lewe verryk, terwyl jy meer leer oor die wonders van Sy Woord, en jy dit begin deel met ander mense.

Alle aanhalings uit: Die Bybel, 1953 Vertaling.

Die oorspronklike Engelse weergawe is geskryf deur 'Wordweaver'. English to Afrikaans translation done by Francois Labuschagne.

[webmaster@endtimeprophecy.net](mailto:webmaster@endtimeprophecy.net)  
<http://www.endtimeprophecy.net>